GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# DISTRIK: GAUTENG-WES

# GEMEENSKAPLIKE EKSAMEN

# JUNIE 2016

# AFRIKAANS EERSTE_ADDISIONELE TAAL
# VRAESTEL: 1 (TAAL IN KONTEKS)

# GRAAD: 10

Punte: 80
Tyd: 2 uur

*Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en DRIE AFDELINGS:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP (Vraag 1) | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING (Vraag 2) | (10) |
| AFDELING C: TAAL (Vraag 3 en 4) | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

4. Trek ’n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die onderstaande tydskrifartikel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

## TWEET




1. "Wanneer die sangeres en liedjieskrywer Tweet sing, vat sy jou na daardie plek reg tussen liefde en seerkry", reken Missy Elliot., "en dis 'n plek wat ons almal die een of ander tyd leer ken."

2. Missy praat nie van haarself nie. Sy praat van die R&B-sangeres Tweet (gebore Charlene Keys) wat in 2002 feitlik oornag 'n ster geword het met haar debuutalbum, "Southern Hummingbird". Die album bestaan uit sielvolle solo's en lirieke wat haar lewenservarings besing. Die album het goue status bereik en die goeie verkope het haar uit haar slegte finansiële posisie gehelp. Sy was vir die eerste keer in staat om geld te belê vir haar toekoms en om 'n trustfonds te skep vir haar kind.

3. Die twee is vriende vandat hulle beginners was. Missy het gou beroemd geword, maar Tweet het rondgeploeter saam met die groep Sugah, wat net nie wou vlam vat nie. Daar het ook niks gekom van hulle opname maatskappy se beloftes dat hulle 'n album kon opneem nie.

4. Op die ou end het Tweet moed opgegee en haar wonde gaan lek by haar ouers se huis in Panama City, in die staat Florida, in die VSA. Vir die eerste keer in haar lewe het die vrou wat al van kleins af sangeres wou word, daaraan gedink om haar droom prys te gee. "Ek was so depressief dat ek wou selfmoord pleeg," vertel sy. "Ek het klaar beplan hoe ek sou pille drink. Maar daardie dag voor ek dit sou doen, bel Missy my uit die bloute en vra ek moet op haar nuwe album sing. Ons het nie lank gesels nie, maar ek het dadelik geweet ek kon haar alles vertel. Sy het verstaan hoe ek voel."

5. Missy en Timbaland het hul eie etiket geskep en het vir Tweet 'n kontrak gegee om haar eie album op te neem. Dit was vir Tweet soos terapie. "Ek kon skryf oor alles in my lewe en ek is bly ek kan dit met die wêreld deel," sê sy.

6. In Januarie vanjaar, (14 jaar later) het sy haar nuutste album, *Charlene* vrygestel en nou kan aanhangers haar sielvolle melodieë weereens geniet.

*[Verwerk uit Wikipedia en randb.about.com]*

1.1 Wie se woorde word aangehaal in paragraaf 1? (1)

1.2 Wat is ŉ "debuutalbum"? (Paragraaf 2) (1)

1.3 Wat is die titel van Tweet se debuutalbum? (1)

1.4 Skryf TWEE OPEENVOLGENDE woorde uit die leesstuk neer wat bewys dat Tweet baie kort ná die verskyning van haar eerste album gewild geword het. (1)

1.5 Tweet se eerste groep was ŉ sukses.

Verduidelik waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.6 Die opname maatskappy het nie hul beloftes van ŉ nuwe album nagekom nie.

Hoe is Tweet emosioneel daardeur beïnvloed? Noem TWEE dinge. (2)

1.7 Haal DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE uit die leesstuk aan wat daarop dui dat Tweet haar hele lewe lank nog ŉ sangeres wou word. (1)

1.8 Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die vraagnommer en jou antwoord neer, bv. 1.8 E:

Missy het Tweet "uit die bloute" gebel, beteken ...

A Missy het ŉ blou telefoon gebruik.
B Dit was ŉ Blou Maandag toe Missy gebel het.
C Tweet het geweet dat Missy haar sou bel.
D Missy se oproep was onverwags. (1)

1.9 Wat, volgens jou, beteken dit om jou eie "etiket" (par. 5) te hê? (1)

1.10 Die opname maatskappy se belofte van ŉ album vir Tweet en die groep Sugah het nooit waar geword nie.

Wat het Missy en Timbaland anders gedoen om te verseker dat hulle musiek wel opgeneem word? (1)

1.11 Wat het Tweet met die geld gedoen wat sy verdien het met haar eerste album? Noem TWEE dinge. (2)

1.12 Dink jy Tweet en Missy het mekaar goed geken voordat hulle saam begin sing het? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

1.13 Kyk weer na die titel van hierdie leesstuk. Watter misverstand kan die woord “Tweet” veroorsaak as die leser nog nie weet waaroor die leesstuk handel nie? (1)

1.14 Verduidelik in jou EIE WOORDE waarom Tweet die maak van haar eerste album as "terapie" beskou het. (2)

1.15 Dink jy Missy Elliot is 'n goeie rolmodel vir Tweet? Motiveer jou antwoord. (2)

1.16 Word die uitdrukking "... en haar wonde gaan lek by haar ouers se huis" (paragraaf 4) letterlik of figuurlik bedoel? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

1.17 Waarom, dink jy, is daar foto's van die twee sangeresse ingesluit by die artikel? Gee twee redes. (2)

1.18 Na wie verwys die woord 'aanhangers' in die slot paragraaf? (1)

**[24]**

**EN**

**TEKS B: TABEL**

# Beste globale verkope van musiekalbums

Hier volg 'n lys van die albums wat hoogste verkope getoon het oor die afgelope aantal jare, soos saamgestel deur die Internasionale Federasie van Fonografiese Bedrywe. Die verkope sluit fisiese en digitale albumverkope in.

| **Jaar** | **Album** | **Kunstenaar(s)** | **Nasionaliteit** | **Verkope (in miljoene)** |
|---|---|---|---|---|
| 2005 | *X&Y* | Coldplay | Verenigde Koningkryk | 8.3 |
| 2006 | *High School Musical* | Verskeie kunstenaars | — | 7.0 |
| 2007 | *High School Musical 2* | Verskeie kunstenaars | — | 6.0 |
| 2008 | *Viva la Vida* | Coldplay | Verenigde Koningkryk | 6.8 |
| 2009 | *I Dreamed a Dream* | Susan Boyle | Verenigde Koningkryk | 8.3 |
| 2010 | *Recovery* | Eminem | Verenigde State (VSA) | 5.7 |
| 2011 | *21* | Adele | Verenigde Koningkryk | 18.1 |
| 2012 | | | | 8.3 |
| 2013 | *Midnight Memories* | One Direction | Verenigde Koningkryk/ Ierland | 4.0 |
| 2014 | *Frozen (The Soundtrack)* | Verskeie kunstenaars | — | 10.0 |
| 2015 | *25* | Adele | Verenigde Koningkryk | 17.4 |
| *A* | *KOLOM B* | *KOLOM C* | *KOLOM D* | *E* |

[Verwerk uit wikipedia.org]

1.19 Watter enkele kunstenaar het die eerste en tweede beste verkope gehad oor die vorige 10 jaar? (1)

1.20 Waarom, dink jy, word die name van die kunstenaars wat in 2006, 2007 en 2014 gewen het, nie in die tabel aangedui nie? Gee EEN moontlikheid. (1)

1.21 Die Verenigde Koningkryk lewer sonder twyfel die mees suksesvolle kunstenaars. Bewys die stelling met inligting uit die tabel. (2)

1.22 Kyk weer na die opskrif. Watter woord dui aan dat die inligting in die tabelle nie net ‘n paar lande met mekaar vergelyk nie. (1)

1.23 Kyk na kolom E. Gee die naam van die album in die tabel wat die swakste verkope oor die afgelope tien jaar gehad het? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Lees die teks wat volg deur en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES**

1. Soek sewe hoofgedagtes (wenke) oor hoe ŉ mens brandstof kan bespaar en som dit in SEWE sinne, in jou eie woorde op.
2. Skryf die wenke PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die sinne van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

## WENKE OOR HOE OM MINDER BRANDSTOF TE VERBRUIK

Die duur voggies dwing ŉ mens om weer te kyk na maniere hoe om brandstof te bespaar. BP doen die volgende wenke aan die hand:

Dit is belangrik vir veiligheid en brandstofverbruik dat die banddruk korrek moet wees. Maak dus gereeld seker dat die banddruk volgens die vervaardiger se voorskifte is.

Algemene onderhoud aan die voertuig is ŉ noodsaaklikheid. ŉ Voertuig wat gereeld versien word, lewer nie net sy beste verrigting nie, maar spaar ook baie brandstof.

Probeer om nie met bagasie op die dak te ry nie, want dit veroorsaak erge windweerstand. Gewig en windweerstand is twee van die grootste vyande van brandstofverbruik.

Gebruik die lugversorging so min as moontlik, aangesien dit krag vanaf die enjin gebruik.

Moenie die vensters oopdraai nie. Dit veroorsaak meer windweerstand.

Bestuurstyl, soos om betyds die voet van die versnellerpedaal te lig om spoed te verminder, spaar nie net die remme nie, maar ook brandstof. Versnel eweredig en konsentreer op die omstandighede om jou sodat jy nie skielik hoef te rem of te versnel nie.

Moenie die voertuig onnodig laat luier nie. As jy byvoorbeeld in ‘n verkeersknoop of ‘n stop-en-ry situasie beland, skakel die motor af totdat die verkeer weer vloei.

Beplan roetes en probeer om kort ritte te vermy waar die enjin nie eens behoorlike werktemperatuur bereik nie.

[Verwerk uit: afrikaans.news24.com/Motors/]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.




3.1 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Skryf in vir hierdie (kompeteer). (1)

3.2 Lees die onderstaande gedeelte uit 'n woordeboek en gee die korrekte AFRIKAANSE VERTALING van die woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord van die woord tussen hakies neer.

> **lek'ker** s.nw. (-s; -tjie) Mengsel van soetighede, bestaande o.a. uit suiker, botter, sjokolade, vrugte, neute, wat in allerlei vorme as versnapering verkoop word - dikwels in die meervoud gebruik; vgl. LEKKERGOED: *Baie lief wees vir lekkers. 'n Seuntjie met 'n mond vol lekkers.*
> **lek'ker-bek** s.nw. Persoon wat van lekker kos hou, graag lekker eet: *Vet word is lekkerbek se voorland.*
> **lek'ker-goed** s.nw. Lekkers, snoepery. Vgl. LEKKER.
> **lek'ker-goedwinkel.**

Jy kan jou eie (sweets)-fabriek wen. (1)

3.3 Skryf die sin oor in VRAAGVORM.

Jy droom oor jou eie besigheid. (2)

3.4 Skryf die sin oor in die INFINITIEF.
Jy moet jou kaartjie koop.

Begin so: Jy behoort... (1)

3.5 Gee die korrekte VORM van die byvoeglike naamwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Jy kan jou (voltooi) inskrywingsvorm pos. (1)

3.6 Skryf die getal in WOORDE. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die kaartjies kos (40) rand elk, maar met elke kaartjie kan jy reeds ŉ prys wen! (1)

3.7 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Iemand wen twee kontantpryse. (2)

3.8 Kies die korrekte VOORSETSEL. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Wanneer jy (in/vir/aan) die wedstryd deelneem, maak jy ŉ direkte bydrae tot die Nelson Mandela Kinderfonds. (1)

3.9 Kies die korrekte BYVOEGLIKE NAAMWOORD. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Op hierdie manier sal jy ŉ klomp (jonk/jong) gesiggies help om weer te glimlag. (1)

3.10 Skryf die sin oor in die korrekte WOORDORDE.

Nadat (het, Nelson Mandela, die privaatsektor, om te help, gevra), het die *Sweet Factory* onmiddellik gereageer. (3)

3.11 Gee die SINONIEM van die woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Sweet Factory het (onmiddellik) gereageer. (1)

3.12 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Hulle beplan die wedstryd baie goed. (2)

3.13 Kies die korrekte WERKWOORD. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Hulle het gesamentlik die besluit (geneem/gemaak). (1)

3.14 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Dit is 'n wedstryd (wat + in) jy 'n verskil in kinders se lewens kan maak. (1)

3.15 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die wedstryd kan jou ook (baie ryk) maak. (1)

3.16 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Na die opleiding is die winkel (jou/joune/syne). (1)

3.17 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Van die (mense wat deelneem) wil weet waar hierdie winkel gaan wees. (1)

3.18 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Elke wenner besluit self. (2)

3.19 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die heel (goed) is as dit in een van die groot winkelsentrums is. (1)

3.20 Gee TWEE redes waarom jy in hierdie advertensie sal belangstel. (2)

**[27]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Die taalvrae wat volg is op die strokiesprent gebaseer.




**RAAMPIE 1** **RAAMPIE 2** **RAAMPIE 3**

4.1 Gee die AFKORTING vir die woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Dit is (byvoorbeeld) makliker om ’n strokiesprent as ’n boek te lees. (1)

4.2 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die (leerder) het nog nie al sy huiswerk gedoen nie. (1)

4.3 Gee die VERKLEINING van die woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die seun het nou sy (arms) gevou. (1)

4.4 VERBIND die twee sinne met die voegwoord tussen hakies.

Zits is moeg en vaak. Hy het die heelaand televisie gekyk. (omdat) (2)

4.5 Hoe dink jy het Zits in raampie 3 gevoel? (1)

4.6 Wat dink jy verwag Zits van die skool? (2)

4.7 Kan jy met Zits identifiseer? Sê JA/NEE . Gee TWEE redes. (2)

4.8 Wat dink jy is die doel van hierdie strokiesprent vir jou as leser? (1)

4.9 Watter sinsoort is die onderstaande sin?

Zits, doen nou jou werk! (1)

4.10 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Zits se (kleure/klere) lyk selfs verkreukel omdat hy so lank stilsit. (1)

**[13]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**